# KONINKRYK LES 18

| 1 | **GEBED** |
|---|---|

*Bid* vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem.
Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

| 2 | **UITWISSELING** (20 minute) ***[STILTETYE]*** **PSALM 10, 11, 14 en 15** |
|---|---|

***Maak beurte en vertel/deel (of lees )kortliks*** wat jy in een van jou stiltetye uit die aangewese Bybelgedeeltes geleer het (Psalm 10, 11, 14 en 15). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

| 3 | **MEMORISERING** (5 minute) ***[DE CHRISTELIKE GEMEENTE]*** **HERHALING VAN REEKS J** |
|---|---|

***Repeteer*** twee aan twee **reeks J: "Die christelike gemeente".**
**(1) Die aard van die Gemeente. 1 Petrus 2:5.** Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis, om 'n heilige priesterdom te wees en geestelike offers te bring wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is.
**(2) Die aktiwiteite van die Gemeente. Handelinge 2:42.** Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede.
**(3) Die bedienings van die Gemeente. Efesiërs 4:12-13.** "Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus. So sal ons uiteindelik almal kom tot die werklike eenheid in ons geloof en in ons kennis van die Seun van God. Dan sal ons, sy kerk, soos 'n volgroeide mens wees , so volmaak en volwasse soos Christus."
**(4) Take van leiers in die gemeente. Handelinge 20:28.** "Pas julle self op en die hele kudde wat die Heilige Gees onder julle sorg gestel het (letterlik: waaroor die Heilige Gees julle as opsieners[1] aangestel het). Soos wagters/herders 'n kudde versorg, so moet julle die Gemeente van God versorg (Grieks: poimainó), wat Hy vir Hom verkry het deur die bloed van sy eie Seun."
**(5) Die eer in die Gemeente. Efesiërs 3:20-21.** "Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink, aan om kom die eer toe, in die kerk, deur ons verbondenheid met Christus Jesus , deur al die geslagte heen tot in alle ewigheid. Amen."

| 4 | **BYBELSTUDIE** (85 minute) ***[DIE BRIEF AAN DIE ROMEINE]*** **ROMEINE 5:1-11** |
|---|---|

***Inleiding.*** In Romeine 3:19-20 kom Paulus in sy onderrig tot 'n gevolgtrekking dat geen enkel heiden of Jood regverdig in God se oë is nie en dat elke mens van nature veroordeel (verdoem) is (sien Johannes 3:18,36). Niemand word geregverdig deur die wet te hou nie. In Romeine 3:21-31 leer hy hoe 'n mens wel geregverdig kan word.

Romeine 1:1 tot 3:20 het bewys dat sowel heidene as Jode *God se geregtigheid nodig het*. Romeine 3:21-4:25 leer *die weg tot God se geregtigheid*. In Romeine 3 is die dood van Jesus Christus as soenoffer *die grond of basis van God se geregtigheid*. En Romeine 4 toon die voorbeeld van Abraham dat geloof die middel is waardeur God se geregtigheid verkry word.

Romeine 5 tot 8 leer *die effektiwiteit (doelmatigheid) en vrugbaarheid van God se geregtigheid*. Romeine 5:1-11 leer dat *die seën van God se geregtigheid daarin bestaan* dat Christene vrede en genade ervaar wat lei tot 'n lewe van hoop en liefde.

**STAP 1. LEES.** **GOD SE WOORD**
***Lees.*** Ons gaan Johannes Romeine 5:1-11 saam bestudeer.
Laat elke groeplid om die beurt één vers uit die Bybelgedeelte voorlees.

**STAP 2. ONTDEK.** **WAARNEMINGS**
***Oorweeg.*** WATTER WAARHEID IN DIE GEDEELTE IS VIR MY BELANGRIK?
Of: WATTER WAARHEID IN HIERDIE GEDEELTE RAAK MY VERSTAND OF MY HART?

[1] Grieks: episkopoi (biskoppe)

***Skryf neer.*** Ontdek een of twee waarhede in hierdie Bybelgedeelte wat jy begryp. Dink daaroor na en skryf jou gedagtes neer in jou Bybelstudie notaboek.
***Deel.*** Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en neer te skryf, laat hulle in die kring beurte kry om te vertel wat hulle ontdek het.
Die volgende is voorbeelde van ontdekkings. Waarskynlik sal die groeplede ander ontdekkings maak as hierdie.

## 5:1-2

### *Ontdekking 1*. Twee gevolge van die regverdiging deur geloof.

Die ANV praat oor "die vrug van die vryspraak deurdat ons glo" (Grieks: dikaióthentes oun ek pisteós) (aoristus passief).

**(1) Die eerste gevolg van die regverdiging deur die geloof staan in Romeine 5:1-2.**
**Ons het sekerheid van vrede met God.**

Volgens vers 1 het mense wat in Jesus Christus glo 'n nuwe verhouding met God of 'n nuwe status ten opsigte van God wat omskryf word as "vrede met God".

- God het vrede met ons gemaak deur ons regverdig te verklaar op grond van die soenoffer van Jesus Christus.
- En ons het vrede met God gemaak deur die geregtigheid van Christus deur middel van geloof aan te neem.

Dus, ons vrede met God is gebaseer op die feit dat God vrede met ons gemaak het deur Jesus Christus! Ons ervaar hierdie vrede met God as 'n diep sekerheid oor drie sake:

- al ons sondes in die *verlede* is volkome vergewe (Romeine 8:1-2)
- alle kwaad in die *hede* word oorstem (oorheers, opsygesit) sodat dit vir ons meewerk ten goede (Romeine 8:28)
- en alle *toekomstige* gebeurtenisse kan ons nie skei van God se liefde vir ons nie (Romeine 8:38-39)!

Volgens vers 1-2 staan ons onwrikbaar in hierdie verhouding of staat van regverdiging uit genade en in 'n ewigdurende verhouding met God door Jesus Christus. Hierdie staat of toestand impliseer dat ons voortdurend en met vrymoedigheid in God se teenwoordigheid mag kom.

**(2) Die tweede gevolg van die regverdiging deur geloof staan in Romeine 5:2.**
**Ons het sekerheid dat toekomstige verwagtinge werklikhede word.**

"Hoop" is die sekerheid dat die beloofde toekomstige verwagtinge teenwoordige werklikhede word. Hierdie verwagtinge wat werklikhede word, word saamgevat in God se "heerlikheid" en bestaan uit drie dinge: In die toekoms sal Christene:

- Christus van aangesig tot aangesig sien en hul menslike gees (persoonlikheid) sal verander word en gelykvormig aan Christus wees (1 Johannes 3:1-3)
- uit die dood opstaan en hul nederige menslike liggaam sal verander word en gelykvormig wees aan die verheerlikte opstandingsliggaam van Christus (Filippense 3:20)
- op die nuwe aarde lewe in 'n skepping wat heeltemal bevry is van sy verslawing aan die verganklikheid (Romeine 8:21).

Omdat Christene deur die geloof in Jesus Christus geregverdig is, het hulle sekerheid dat hulle in die toekomstige heerlikheid van Christus sal deel. Alhoewel Christene in hul daaglikse lewe nou op die aarde tekortskiet aan hierdie ideaal, is die sekerheid van hul hoop (verwagting) nie aanmatigend nie, maar 'n voorreg. Daarom "verheug Christene in hul ook in die hoop om deel te hê aan die heerlikheid van God!"

---

## 5:3-11

### *Ontdekking 2*. Nog twee gevolge van die regverdiging deur geloof.

**(3) Die derde gevolg van die regverdiging deur geloof staan in Romeine 5:5.**
**Ons het sekerheid dat God deur sy Gees in ons liggaam woon en dat Hy ons liefhet.**

Alhoewel ons versoekings, verdrukkings (moeilikhede) en vervolgings ervaar, dra hierdie ontberinge onmiddellik by aan die vorming van ons christelike karakter en die ontwikkeling van die christelike hoop. Volgens Jakobus 2:2-4, Hebreërs 12:5-11 en 1 Petrus 4:12-16 produseer ons ontberinge christelike volwassenheid, heiligheid, vrugbaarheid en die sekerheid dat ons kinders van God is en deel sal hê aan die heerlikheid van Christus.

Alhoewel dit ons verantwoordelikheid is om te volhard in moeilike tye omdat ons God liefhet, is die feit dat ons kan en bly volhard 'n bewys dat God ons liefhet! Deur die Heilige Gees stort God sy liefde oorvloedig en aanhoudend in ons hart uit en maak ons daarvan bewus dat ons voorwerpe van sy liefde is. En God se liefde vir ons gee ons steeds meer hoop dat ons in die toekoms in al sy heerlikheid sal deel. Dit maak dat ons hoop in (verwagting van) God netso onomkeerbaar is as sy liefde vir ons!

**(4) Die vierde gevolg van die regverdiging deur geloof staan in Romeine 5:6-11.**
**Ons het sekerheid van ons uiteindelike volledige verlossing.**

Mense in hierdie wêreld glo dat sommige mense bereid is om vir regverdige en goeie mense te sterwe (Romeine 5:7), maar Jesus Christus het iets gedoen wat niemand verwag het nie: Hy het vir onregverdige en slegte mense gesterwe! God se liefde het Hom aangespoor om Jesus Christus as 'n soenoffer vir ons sondes te gee (Romeine 5:8).

Alleen deur die dood van Jesus Christus

kon God se geregtigheid en heiligheid versoen word met sy barmhartigheid en liefde



(die horisontale balk van die kruis)
(die vertikale balk van die kruis)!

As ons deur die dood van Christus in God se oë versoen is,
dan sal ons seker van God se toorn gered word op die laaste oordeelsdag
deur die opstanding van Christus
(Romeine 5:9-10).

As God aan ons *die minder profyt* geskenk het, naamlik: *die regverdiging en die versoening*, dan sal Hy baie seker ook aan ons *die meerdere profyt* skenk, naamlik: die volkome (volmaakte) *heiliging en verheerliking*! Daarom verheug Christene hulle ook in God deur Jesus Christus en verheug hulle hul in die verlossing wat al hier op die aarde begin het en eenmaal in die hemel voltooi sal word (Romeine 5:11; sien Filippense 1:6)!

| **STAP 3. VRAAG.** | **UITLEG** |
|---|---|
| ***Oorweeg.*** WATTER VRAAG UIT DIE BYBELGEDEELTE SOU JY AAN DIE GROEP WIL STEL? Kom ons probeer om so veel as moontlik waarhede in Romeine 5:1-11 te begryp en vrae te stel oor dit wat ons nog nie begryp nie. ***Skryf neer.*** Formuleer jou vraag so duidelik moontlik deur gebruik te maak van vraagwoorde (wie? wat? waarom? hoe?) en skryf jou vraag in jou notaboek. ***Deel.*** Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en hulle vraag neer te skryf, laat hulle elkeen 'n beurt kry om hulle vraag te lees. ***Bespreek.*** Bespreek so veel moontlik van hierdie vrae met mekaar. Die volgende is voorbeelde van vrae en aantekeninge wat die beantwoording kan vergemaklik. | |

**5:1-2**

***Vraag 1*. Hoe kry 'n mens vrede met God?**

***Aantekeninge*.** 'n Mens wat op sy eie godsdienstige werke (deur die onderhouding van die wet) steun om voor God geregverdig te word, sal nooit vrede met God in sy hart ervaar nie. Al sy goeie en godsdienstige werke kan die toorn van God teen sy sonde nie wegneem nie en ook nie sy vrees vir God se straf wegneem nie.

Vrede met God kan alleen bereik word deur dat God Self ons regverdig op grond van die geregtigheid van Jesus Christus wat Hy deur sy dood en opstanding verwerf het. Dis nie ons wat vrede met God maak nie deur die wet te onderhou nie, dis God wat vrede met ons maak deur die dood van Christus wat versoening van ons sondes bewerk! Alleen nadat God vrede met ons gemaak het, kan ons vrede met God maak en ook regtig vrede ervaar! Alleen wanneer God Hom met ons versoen het, kan ons ons met Hom versoen! Alleen nadat God sy verhouding tot ons verander het, kan ons ons verhouding met Hom ook verander! Ons vrede met God begin met God wat vrede met ons maak.

---

**5:3-5**

***Vraag 2*. Waarom kan Christene hulle verheug in verdrukkings?**

***Aantekeninge*.** Romeine 5:3 sê, "Ons verheug ons in die swaarkry (verdrukkings) (Grieks: thlipsis)." Ons swaarkry bestaan uit ontberings van 'n gevalle en gebroke wêreld. Ook Christene ly onder siektes, swakhede, onvermoë, probleme, teenslae, teleurstellings, rampe soos aardbewings, epidemies, oorstrominge, droogtes en hongersnode. Maar Christene moet ook vervolgings in die wêreld verduur.

Sou aal hierdie moeilikhede dan nie vir Christene droewig maak nie? Hoe kan Paulus sê dat Christene hulle verheug in hul moeilikhede en verdrukkinge? Die antwoord is as volg: Alle dinge wat in die wêreld gebeur, dien die doel van God! Selfs die menslike lyding dien die doel van God. Voordat ons Christene geword het, het ons alle vorme van lyding beskou as uitdrukkings van God se misnoeë. Maar toe ons verhouding tot God verander het, het ook ons verhouding tot mense, dinge en gebeurtenisse verander! Nadat ons Christene geword het, het ons begin besef dat moeilikhede ook uitdrukkings van God se liefde vir ons is! Christene beskou dit as 'n eer om vir Jesus Christus smaad en verdrukkings te ly, omdat wanneer Christene 'n deel kry aan de lyding van Christus, hulle ook 'n deel kry aan die heerlikheid van Christus (Matteus 5:4-12; Romeine 8:17; Kolossense 1:24; 1 Petrus 4:13-14). Jesus Christus beskou die lyding van Christene as lyding wat Hom aangedoen word.

Christene verheug hulle ook tydens hul lyding. Hun ontberings en lyding word geleenthede waarin God sy verlossing of hulp aan die wêreld kan toon. Die probleme van Christene word die moontlikhede van God! Die swakheid van 'n Christen is 'n kans waarin God sy krag kan toon (2 Korintiërs 12:9). Juis wanneer Christene besef dat hulle swak is en dat God sterk is en graag wil help, vra hulle God om te help. En omdat God se hulp voldoende is, word die geloof van die Christen versterk. En omdat hul geloof sterker word, wil en kan Christene volhard. Christene besef dat moeilikhede en ontberings God se middele is om karakter te ontwikkel, hul bruikbaar in die wêreld te maak en hul voor te berei vir die komende wêreld. Daarom behoort lyding Christene nie te ontmoedig of te verbaas nie, omdat lyding 'n onderdeel is van 'n kind van God te wees. Om in die middel van lyding bedroef te wees, is nie teenstrydig met 'n Christen te wees nie, maar Christene mag en kan hulle verheug as hulle ly.

---

**5:6-8**

***Vraag 3*. Hoe toon God sy liefde vir ons?**

***Aantekeninge*.** Romeine 5:6-10 sê dat God sy liefde vir ons bewys juis daarin dat Christus gesterf het toe ons nog sondaars was.

**(1) God se geaardheid (wese) is liefde.**

Dis nie waar dat die God wat Hom in die Ou Testament openbaar "'n God van oorlog[2] en wraak" was, terwyl die God wat Hom in die Nuwe Testament openbaar "'n God van liefde" is. Beide Testamente leer dat God 'n heilige en regverdige God is wat sonde haat en straf, maar tegelyk ook 'n barmhartige en liefdevolle God is wat sondaars soek om hulle te red. Byvoorbeeld, Jeremia 31:3 sê, "Ek het jou nog altyd liefgehad, daarom het Ek jou met geduld verdra."

**(2) God bewys sy liefde vir ons deur die dood van Christus aan die kruis.**

Die dood van Jesus Christus aan die kruis bewys nie dat God liefde is nie, maar toon wat God se liefde is! God se liefde vir verlore mense het Hom gedwing om die enigste moontlike ding te doen om verlore mense te red sonder om sy regseis ter syde te stel. Dit is nie voldoende dat God sonde vergewe sonder om die sonde te straf nie. 'n Liefdevolle god wat die sonde ongestraf laat, sou 'n onheilige en onregverdige god wees! Die God van die Bybel is egter 'n heilige en regverdige God en tegelyk 'n liefdevolle en barmhartige God!

Daarom, om sy heiligheid en geregtigheid (die horisontale balk van die kruis) met sy liefde en barmhartigheid (die vertikale balk van die kruis) te versoen, het God in Jesus Christus die menslike natuur aangeneem, het Hy 'n volmaakte heilig en regverdige lewe op die aarde gelei en het Hy vir sondige mense wat in Hom glo en in hul plek gesterf! Jesus Christus het nie alleen as 'n voorbeeld vir gelowiges gesterf nie, ook nie as 'n martelaar nie, maar in die plek van die gelowiges! Jesus Christus het as 'n soenoffer vir mense wat in Hom glo, gesterf, d.w.s.:

- Hy het aan die een kant versoening (Engels: atonement) vir die sondes van die sondaar gemaak (die regseis van God bevredig, God se heilige en regverdige toorn teen die sonde bevredig en die sonde weggeneem)
- en Hy aan die ander kant die sondaar wat van God geskei was weer met God versoen (Engels: reconciliation).

**(3) God toon sy liefde vir ons deur aanhoudend die volbragte verslossingswerk van Christus toe te pas in die lewens van swak en onwaardige mense.**

Paulus sê dat die dood van Jesus Christus die hoogs moontlike en hoogs denkbare bewys van God se liefde vir onwaardige mense is.. Vers 6 sê, "Toe ons nog magteloos was, het Christus immers reeds op die bestemde tyd vir goddeloses gesterwe." Ons swakheid is dat ons geen krag het om te doen wat geestelik en moreel goed in God se oë is. Van nature kan 'n mens God se wet nie hou nie, hy God se wil nie doen nie, en kan hy geen goeie werke doen nie. Ons swakheid word veroorsaak deur ons sonde en bestaan uit 'n volkome onvermoë om onsself te red uit die gevolge van die sondeval. Ons swakheid is dat ons onsself nie kan red uit God se veroordeling (verdoemenis) nie, en ook nie uit die geestelike en morele verderf in die wêreld of uit die lyding en die dood. Gewone mense kan 'n voorstelling maak dat God mense wat goed, regverdig, suiwer en goddelik is, lief kan hê. Maar niemand kan 'n voorstelling maak dat 'n heilige en regverdige God onheilige en onregverdige mense sou moet liefhê en sy Seun gee om hulle los te koop! Die grootste wonder is dat die God van die Bybel dit wel gedoen het!

As God ons sou liefhê omdat ons Hom liefhet, dan sou Hy ons alleen liefhê so lank ons aanhou om Hom lief te hê en alleen onder daardie voorwaarde! Dan sou ons verlossing afhanklik wees van die bestendigheid van ons veranderlike hart. Maar omdat God ons eerste liefgehad het en liefhet as goddelose en onregverdige mense, as sy vyande, en omdat Jesus Christus gesterf het vir goddelose en onregverdige mense, vir God se vyande (Romeine 8:6,8,10), berus ons

---

[2] In die historiese beskrywings in die Bybel het God die volk Israel gebruik om die goddelose Kanaänitiese volke uit te roei (Deuteronomium 7:1-10). Hy het die volk van Assyrië gebruik om die goddelose volk van Israel uit te roei (Jesaja 8:6-9; 2 Konings 17:6-23) en het die volk van Babilon gebruik om die goddelose volk van Juda in ballingskap te drywe (2 Kronieke 36:14-21). Hy het die volk van Babilon ook gebruik om die goddelose volk van Assirië in 'n oorlog te verslaan (Jesaja 10:5,15,33). Hy het die volk van die Perse gebruik om die goddelose volk van Babilon in 'n oorlog te verslaan (Jesaja 13:3-11,17-22; Daniël 5:22-30). En Hy het die volk van die Grieks gebruik om die Pers in 'n oorlog te verslaan (Daniël 8:20-21).

In die leerstellige gedeeltes van die Bybel word alle oorloë (ingeslote "heilige oorloë) veroordeel. Vanaf die eerste koms van Jesus word alle oorloë veroordeel. Jesus sê: "Almal wat na die swaard gryp, sal deur die swaard omkom" (Matteus 26:52). Die koninkryk van Jesus Christus is nie van hierdie wêreld nie. "As my koninkryk van hierdie wêreld was, sou my onderdane geveg het" (Johannes 18:36). Alle stryd en konflikte in die wêreld vloei voort uit die hartstogte (hebsug en magsug van mense). Maar hierdie vriendskap met die wêreld van oorloë is vyandskap met die God van die Bybel (Jakobus 4:1-4).

In die apokaliptiese profesie van die Bybel bly die antichristelike wêreld oorloë voer wat veral gerig is teen Christene (Openbaring 12:17). Aan die einde sal die laaste antichris alle nie-Christene versamel vir die laaste oorlog in die menslike geskiedenis (Openbaring 11:7; 13:7; 16:14,16; 17:14; 19:11,19; 20:8-9).

verlossing nie op ons beminlikheid nie, maar op die bestendigheid van God se liefde vir ons (sien 1 Johannes 4:10)!

Onder mense sou iemand sy lewe nouliks vir 'n regverdige mens gee, d.w.s., vir 'n mens wat die wet onderhou. Miskien sou hy sy lewe gee vir 'n goeie mens, d.w.s., 'n mens wat vriendelik en liefdevol teenoor hom is (Romeine 5:7). Maar Jesus Christus het gedoen wat volkome onverwags is: Hy het sy lewe vir onregverdige en slegte mense gegee! Die dood van Jesus Christus aan die kruis was 'n manifestasie van God se liefde sonder weerga in die menslike geskiedenis! In Romeine 5:6-8 verheerlik Paulus die grootheid van God se liefde.

---

## 5:9-11

### *Vraag 4*. Wat is die verskil tussen "regverdiging", "versoening" en "verlossing"?

***Aantekeninge*.**

#### (1) "Regverdiging" druk die verandering van die staat (posisie) uit.

Regverdiging is 'n wetlike of juridiese uitdrukking en beteken dat God 'n sondaar met betrekking tot sy wet volledig regverdig *verklaar*, omdat die onreg betaal is. God *beskou en behandel* hom voortaan as 'n regverdige mens (nie meer skuldig nie, vergewe), nou op die aarde en ook later in die laaste oordeel (sien Johannes 5:24).

Die regverdiging sluit die volgende in:

- Die betaling van die skuld en die loskoop van die skuldenaar deur middel van 'n soenoffer[3]
- Die bevrediging van God se regseis, die bevrediging van sy heilige en regverdige toorn (verontwaardiging, gebelgdheid) teen die sonde (onreg)
- Die vergewing van alle sonde
- Die versoening[4] met God, die herstel tot die guns van God en volledige aanvaarding deur God
- Die garansie dat seëninge soos heiliging en verheerliking seker sal volg (Romeine 8:29-30).

Romeine 5:9 sê dat ons "geregverdig (vrygespreek) is op grond van sy versoeningsdood (letterlik: die bloed van Jesus Christus)". Hierdie uitdrukking in die Bybel beteken altyd "deur die versoeningsdood van Jesus Christus aan die kruis"".

Die Bybel leer duidelik dat die grond, rede of basis vir die regverdiging nooit geleë is:

- in wat 'n mens doen nie; nie in die geloof van 'n mens en ook nie in die gehoorsaamheid van 'n mens nie.
- en selfs nie in die werk van Christus in die mens nie
- maar alleen in wat Jesus Christus vir en in die plek van die gelowige gedoen het (Romeine 3:25; Efesiërs 2:13; Hebreërs 9:12).

#### (2) "Versoening" druk die verandering van die verhouding uit.

"Versoening" beteken dat twee partye wat voorheen vyande was, vrede met mekaar gesluit het. Die Bybel praat oor drie soorte van versoening:

- Romeine 5:9-11 praat oor die versoening van God met die sondaar. As gevolg van ons sondes is die heilige en regverdige God van ons geskei (Jesaja 59:1-2). Hy is as 'n vyand vir ons wat ons sondes moet en sal straf (anders sou hy nie meer heilige en regverdig wees nie!) As gevolg van die soenoffer van Jesus Christus is die regseis van God voldaan en is sy heilige en regverdige toorn (gebelgdheid) teen ons sondes bevredig[5], en is sy vyandskap teen ons (onheilige en onregverdige toestand) weggeneem. Daarom is God nie meer van ons geskei nie!
- Romeine 5:1 praat oor die versoening van die sondaar met God, d.w.s., die gelowige ervaar vrede met God. Omdat ons glo in Christus as die soenoffer vir ons sondes, het God ons geregverdig en ervaar ons nou vrede met God. Ons besef dat die heilige en regverdige God die sonde moet haat, maar ervaar nie meer die toorn van God teen ons nie. Daarom is ons nie meer van God geskei nie!
- Matteus 5:23-24 praat oor die versoening van twee broers in die gemeente (kerk) met mekaar. En Efesiërs 2:14-16 praat oor die versoening van mense uit verskillende nasionaliteite met mekaar. Omdat God sy verhouding tot Christene verander het, kan en moet Christene hul verhouding tot God, tot hul broeders in die Gemeente en tot mense uit ander volke ook verander! Daarom is Christene, ook uit verskillende nasionaliteite, nie meer van mekaar geskei nie!

#### (3) "Verlossing" druk die voortgaande proses van verandering uit.

Die verlossing *begin* by die regverdiging (die verlossing van *die skuld* van die sonde) deur die geloof en by die versoening (die verlossing van *die skande van die sonde*). Dit lei tot die wedergeboorte (die verlossing van *die slawerny* van die sonde) (sien Johannes 1:12-13).

Die verlossing hou die hele lewe aan

- as 'n voortgaande proses van verandering, 'n voortgaande proses van heiliging (die verlossing van *die mag en verontreiniging* van die sonde).

---

[3] Engels: expiation (boetedoening door middel van een zoenoffer)
[4] Engels: reconciliation
[5] Engels: propitiated

En die verlossing word *vervolmaak* in

- die verheerliking (die verlossing of bevryding van *die teenwoordigheid* van die sonde met al sy gevolge: die liggaamlike dood, die rampe op die aarde, die korrupsie in die wêreld en die bose geeste in die wêreld).

Wanneer die "verlossing" onderskei word van die "regverdiging" (soos in Romeine 5:9-10) dan dui "verlossing" op *die voltooiing* van die werk wat in die regverdiging *begin het*. Dit omvat die verlossing van die sondige wêreld, die verlossing van die satan en sy demone, die verlossing van alle vorms van lyding en dood, die bewaring van alle vorms van vernietiging en die beërwe van die ewige lewe en die nuwe hemel en aarde! In Romeine 5:9-10 is dit die verlossing van die toorn van God op die laaste oordeelsdag. Omdat die regverdiging volledig is, is regverdiging onomkeerbaar en onherroepbaar. "Daar is nou geen veroordeling (verdoemenis) meer vir dié wat in Christus Jesus is nie" (Romeine 8:1)! "Verlossing" is vir Christene 'n absolute sekerheid! Die God van die Bybel laat sy werk nooit onvoltooid nie!

Romeine 8:29-30 leer dat God die mense wat Hy roep, regverdig en dat Hy die mense wat Hy regverdig, ook verheerlik! Filippense 1:6 leer dat God die goeie werk wat Hy , dit end-uit sal voer en dit sal voleindig op die dag wanneer Christus Jesus kom! Daarom sê Romeine 5:10 dat as die dood van Jesus Christus tot ons versoening gelei het, dan sal die lewe van Jesus Christus wat uit die dood opgestaan het, ons uiteindelike en volledige verlossing vir ewig veilig stel! Daar is 'n onlosmaaklike verband tussen die dood en die opstanding van Jesus Christus (Romeine 4:25). Die begunstigdes van die seëninge van sy dood moet ook die begunstigdes van alle seëninge van sy opstanding wees. Die feit dat Jesus Christus uit die dood opgestaan het en leef as die verhoogde Here, Hoëpriester, Profeet en Koning, is 'n veilige garansie dat alle gelowiges in Jesus Christus ook uit die dood sal opstaan en vir ewig sal lewe.

Die feit dat gelowiges in Jesus Christus nou al geregverdig en versoen is en in die toekoms volledig verlos sal wees, maak hulle baie bly. Christene "verheug hulle in die blye hoop/verwagting op die heerlikheid van God" (Romeine 5:2), "verheug hulle in die ontberings en verdrukkings van die lewe" (Romeine 5:3) en "verheug hulle in God deur wie hulle die versoening ontvang het" (Romeine 5:11). Christene verheug hulle in die verlossing wat nou al begin het, daagliks voortgesit word en voltooi sal word op die dag van die wederkoms van Jesus Christus!

Aan die begin van sy bediening het Jesus gesê, "Dit is de wil van Hom wat My gestuur het: dat Ek van almal wat Hy My gegee het, nie een verlore sal laat gaan nie" (Johannes 6:39). En aan die einde van sy bediening het Jesus gesê: "Uit van dié wat U My gegee het, het Ek niemand verlore laat gaan nie" (Johannes 18:9)!

**STAP 4. DOEN. TOEPASSINGS**

***Oorweeg.*** WATTER WAARHEDE IN HIERDIE BYBELGEDEELTE HET MOONTLIKE TOEPASSINGS VIR CHRISTENE?

***Deel en skryf neer.*** Kom ons hou 'n dinkskrum en stel 'n kort lys saam van moontlike toepassings uit Romeine 5:1-11.

***Oorweeg.*** WATTER MOONTLIKE TOEPASSING WIL GOD HÊ DAT JY PERSOONLIK MOET TOEPAS?

***Skryf neer.*** As jy 'n persoonlike toepassing maak, skryf dit dan neer in jou Bybelstudie notaboek. Het jy die vrymoedigheid om hierdie persoonlike toepassing met andere te deel of nie?

(Let wel dat hoewel 'n waarheid dieselfde bly, daar 'n hele aantal verskillende toepassings van hierdie waarheid moontlik is. Hier volg 'n lys van moontlike toepassings.)

## 1. Voorbeelde van moontlike toepassings uit Romeine 5:1-11.

5:1. Maak vrede met God deur te glo in die dood en opstanding van Jesus Christus vir jou en in jou plek.

5:2. Neem die genade van God deur geloof in Jesus Christus aan in plaas van te probeer om die guns van God te wen met jou goeie werke of godsdienstige werke.

5:3-4. Verheug jou in die ontberings en verdrukkings in die lewe, omdat God hulle gebruik om volharding, christelike karakter en hoop wat nie teleurstel nie in jou te ontwikkel.

5:5. Weet dat wanneer jy Jesus Christus in jou hart en lewe aangeneem het, die Heilige Gees in jou liggaam kom woon (1 Korintiërs 3:16) en dat God daarmee sy liefde in jou hart uitgestort het. Jy kan dus liefhê!

5:6-10. Besef dat jy *van nature* swak (magteloos), goddeloos, onregverdig, 'n sondaar en 'n vyand van God is. Maar besef ook dat wanneer jy glo dat Jesus Christus vir jou en jou plek gesterf het, dit alles verander. Besef dat die dood en opstanding van Jesus Christus die enige moontlike manier is waarop sy heiligheid en geregtigheid met sy liefde en barmhartigheid versoen kan word!

5:9-11. Wees oortuig dat as jy in Jesus Christus glo, jy die regverdiging, versoening en verlossing ontvang het!

- 'Regverdiging' beteken dat jy verlos is van die skuld en verdoemenis van die sonde. God het al jou sondes vergewe, jou volkome geregverdig in sy oë verklaar het en beskou en behandel jou voortaan as volmaak regverdig!
- 'Versoening' beteken dat jy bevry is van die skande, verwerping en skeiding van die sonde. God het vrede met jou gesluit. Sy verhouding met jou en jou verhouding met Hom is heeltemal herstel.
- 'Verlossing' beteken dat jy nou al verlos is van die skuld en verdoemenis van die sonde, dat jy steeds meer verlos word van die mag en verontreiniging van die sonde in hierdie huidige wêreld en dat jy by die wederkoms van Christus heeltemal verlos sal wees van alle gevolge van die sonde en die teenwoordigheid van die sonde.

## 2. Voorbeelde van persoonlike toepassings uit Romeine 5:1-11.

Omdat ek in Jesus Christus as my Verlosser glo, glo ek dat God my geregverdig het en vrede met my gesluit het Daarom ervaar ek nou ook vrede met God. “Vrede met God” beteken dat ek drie dinge weet:

- dat al my sondes in die verlede vergewe is,
- dat alle kwaad in die *huidige tyd vir my beswil oorstem (oorheers) word*
- en dat alle *toekomstige* gebeurtenisse my nie van God se liefde vir my kan skei nie!

Omdat ek in Jesus Christus as my Verlosser glo, het ek die sekerheid dat alle verdrukkings, ontberings en vervolgings ter wille van Christus baie betekenis het. Hulle ontwikkel christelike volwassenheid en christelike karakter, maak my vrugbaar in sy diens en volhardend in lyding! Ek besef dat dit nie my liefde vir God is nie, maar sy liefde vir my wat maak dat ek volhard in my verdrukkings, vervolgings en lyding! Ek verheug my in die feit dat die God van die Bybel my nooit in die steek sal laat nie. “Hy het Self gesê: Ek sal jou nooit verlaat nie , jou nooit in die steek laat nie.” Daarom kan ons met vertroue sê: “Die Here is my Helper, ek ken geen vrees nie; wat kan ’n mens aan my doen?” (Hebreërs 13:5-6).

**STAP 5. BID.** **REAKSIE**

MAAK BEURTE EN BID TOT GOD OOR ÉÉN WAARHEID WAARMEE GOD JOU AANGESPREEK HET in Romeine 5:1-11.

(Reageer in jou gebed op iets wat jy gedurende die Bybelstudie geleer het. Oefen jouself om kort te bid, bv. deur net één of twee sinne te bid. Elkeen in die groep sal oor verskillende dinge bid.)

| | | |
|---|---|---|
| 5 | **GEBED** (8 minute) | ***[VOORBIDDING]*** **BID VIR ANDERE** |

***As daar tyd is gaan voort met bid*** in groepies van twee of drie persone. Bid vir mekaar en vir die mense in die wêreld (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

| | | |
|---|---|---|
| 6 | **VOORBEREIDING** (2 minute) | ***[OPDRAGTE]*** **VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS** |

*Deel* die voorbereiding vir die volgende byeenkoms uit op ’n stukkie papier of laat die groeplede dit afskryf.

1. Toewyding. Wy jou daaraan toe om steeds dissipels te maak, die gemeente van Jesus Christus op te bou en die Koningskap van Jesus Christus te verkondig.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die Bybelstudie uit Romeine 5:1-11 saam met ’n persoon of ’n klein groepie mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer ’n halwe hoofstuk per keer uit **Psalm 16, 18, 19 en 22.** Maak gebruik van die uitgekose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memorisering. Mediteer en memoriseer die nuwe Bybelvers: **(6) Romeine 4:5.** Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
5. Onderrig. Berei **die gelykenis van “die barmhartige Samaritaan”** in Lukas 10:29-37 tuis voor. Maak gebruik van die ses riglyne vir die uitleg van gelykenisse.
6. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifieks hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
7. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memorisering, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.